# Lofsing die Here




2
Lofsing die Here wat kunstig u liggaam berei het,
Hy is die sterke wat altyd nog by u gebly het;
wat in gevaar, hoe groot, hoe dreigend, hoe swaar,
oor u sy vleuels gesprei het!

3
Lofsing die Here, dis Hy wat u kroon met sy seën!
Hy skenk die lewe, die wasdom, die sonlig, die reën!
O sterfling, weet: Hy wat Almagtige heet,
het ons in liefde bejeën.

Teks: Joachim Neander 1680; Halleluja 1951; gewysig Izak de Villiers 1978
Melodie: *Lobe den Herren* - Duits ca 1640; geestelik Stralsund 1665; Halle 1741; ekumeniese vorm 1973
Diskant: Chris Lamprecht 1986 ©
Harmonisasie: Tradisioneel. Harmonisasie in G: Lied 486